MEMORANDUM OOR DIE OOGMERKE VAN DIE CONSTITUTION EIGHTEENTH AMENDMENT BILL, 2019

1. INLEIDING

Dié wetsontwerp beoog om die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, te wysig deur voorsiening te maak vir die onteiening van grond sonder vergoeding. Gedurende die Vyfde Parlement het die twee Huise van die Parlement die grondwetlike hersieningskomitee opdrag gegee om dringend die mening van die publiek betreffende die moontlike hersiening van artikel 25 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, ("die Grondwet"), te bekom. Die hersieningsproses het daarop gefokus om die staat toe te laat om grond in openbare belang sonder vergoeding te onteien, sowel as op meganismes om grond sonder vergoeding te onteien. Na 'n uitgebreide oorlegplegingsproses het die grondwetlike hersieningskomitee 'n verslag by die twee Huise ingedien waarin hulle aanbeveel dat:

"Artikel 25 van die Grondwet gewysig moet word om dit wat implisiet in die Grondwet vervat is eksplisiet te maak, betreffende die onteiening van grond sonder vergoeding as 'n wettige opsie vir grondhervorming, ten einde die geskiedkundige onreg wat gepleeg is deur die arbitrêre onteiening van grond, en sodoende billike toegang tot grond te verseker en die meerderheid Suid-Afrikaners verder te bemagtig deur op produktiewe wyse aan programme betreffende voedselsekuriteit en landbouhervorming deel te neem. "

Daar word verder aanbeveel dat die Parlement dringend 'n meganisme moet instel om die nodige wysiging aan die tersaaklike deel van artikel 25 van die Grondwet aan te bring. Daardie meganisme is ingestel deur 'n resolusie van die Nasionale Vergadering gedurende die Vyfde Parlement, en toe weer gedurende die Sesde Parlement, wat gelei het tot die ontwikkeling van dié wetsontwerp.

2. OOGMERKE VAN DIE WETSONTWERP

Die doel van die Constitution Eighteenth Amendment Bill, 2019, ("die wetsontwerp"), is om artikel 25 van die Grondwet te wysig ten einde te bepaal dat die reg op eiendom op sodanige wyse beperk word dat in gevalle waar grond onteien word vir grondhervorming, die bedrag betreffende vergoeding nul rand mag wees. Voorts om dit duidelik te maak dat sodanige beperking 'n wettige opsie vir grondhervorming is, om sodoende aandag te skenk aan die historiese ongeregtighede wat deur die arbitrêre onteiening van grond veroorsaak is, en sodoende billike toegang tot grond te verseker en die meerderheid Suid-Afrikaners verder te bemagtig om op produktiewe wyse aan programme betreffende eienaarskap, voedselsekuriteit en landbouhervorming deel te neem.

3. INHOUD VAN DIE WETSONTWERP

3.1. Klousule 1 stel 'n wysiging van artikel 25 van die Grondwet voor ten einde te bepaal dat in gevalle waar grond en enige verbeterings daarop onteien word vir die doeleindes van grondhervorming, die bedrag van die vergoeding nul rand mag wees.

3.2. Klousule 2 maak voorsiening vir die kort titel en inwerkingtreding daarvan.

DRAFT

4. FINANSIËLE IMPLIKASIES VIR DIE STAAT

Geen

5. PARLEMENTÊRE PROSEDURE

5.1 Die komitee stel voor dat die wetsontwerp in ooreenstemming met die prosedure wat deur artikel 74(2) van die Grondwet ingestel is, behandel moet word, aangesien die oogmerk daarvan is om 'n afdeling binne Hoofstuk 2 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, te wysig.

5.2 Die komitee is van mening dat dit nodig is om dié wetsontwerp na die Nasionale Huis van Tradisionele Leiers te verwys ingevolge artikel 18(1)(a) van die Traditional Leadership and Governance Framework Act, 2003 (Wet 41 van 2003), aangesien dit bepalings bevat betreffende gewoontereg of die gebruike van tradisionele gemeenskappe.

DRAFT